

DIE LIEFDE - WEEK 6

# FAMILIE-TYD



## WAT LEER EK MY KIND vandag?

Kinders sal verstaan dat liefde nie net ‘n gevoel is nie, maar ‘n persoon. Daardie persoon is God. God is liefde.

1 KORINTIËRS 13:13
Al wat altyd sal bly, is geloof, hoop en liefde - hierdie drie. Maar die grootste hiervan bly steeds die liefde!

## SAAM PRAAT - DEEL 1

Wanneer ons dink aan liefde, dink ons aan die volgende:
Ek is lief vir my mamma en pappa.
Ek is lief vir my beste maat.
Ek is lief vir my hondjie.
Hierdie liefde is 'n gevoel en dit laat my lekker, warm en veilig voel.
Daar is ook 'n ander liefde, dit is nie 'n gevoel nie maar 'n persoon. Hierdie persoon is God. Omdat God liefde is en binne in my bly, is Sy liefde ook in my.

## SAAM DOEN:




### ITEMS BENODIG

- Print die aanehegte dokument uit (rugkant teen rugkant).

### INSTRUKSIES

- Sny die teks blokkies uit en deel dit op tussen die lede van die gesin.
- Doen wat gevra word op elke kaartjie.
- Bou die groot prent soos 'n legkaart na afloop van die aktiwiteit.

## SAAM PRAAT - DEEL 2

Omdat die Heilige Gees in ons bly, het ons God se liefde binne in ons. Ons kan hierdie liefde nie vir onsself hou nie, ons moet dit uitdeel vir ander. Wat ons nou saam as 'n gesin gedoen het, is alles maniere hoe ons God se liefde kan wys, nie net vir ons gesin nie maar ook vir ons maats en selfs mense wat ons nie eers ken nie. Onthou dat God, wat LIEFDE is, binne in jou is en Hy help jou om Sy liefde weer aan ander te gee. Omdat God ‘n persoon is, sal Sy liefde nie wegraak of opraak nie. God se liefde bly altyd staan.

# God is LIEFDE

en

## Sy LIEFDE leef ook in jou.



Gee almal in jou gesin 'n drukkie en sê jy is lief vir hulle.

Vertel vir jou gesin hoekom hulle die beste gesin is.

---

Gee idees of beplan aan ‘n aktiwiteit wat julle as gesin saam kan doen.

Sê jammer vir iets wat jy verkeerd gedoen of gesê het.

---

Deel iets van jou dag wat jy graag net vir jou gesin wil vertel.

Sê dankie vir iemand in jou gesin wat jy baie waardeer.